PAUL ROOS
GIMNASIUM | GYMNASIUM

(021) 887-0017/77 086 651 5969
info@paulroos.co.za | www.paulroos.co.za
Suidwal, Stellenbosch, 7600, South Africa

Rektorsbrief 24 Augustus 2021

Weens die toename in Covid 19-gevalle en leerders in isolasie, is die skool van Maandag, 23 Augustus, tot Woensdag, 25 Augustus vir alle grade gesluit.

Graad 11- en 12-leerders keer op Donderdag, 26 Augustus en graad 8-10 op Maandag, 30 Augustus terug na die skool. Ons sal 'n **DAG 7**-rooster volg vir hierdie dag.

Gedurende die leerders se afwesigheid, is werk op Google Klaskamer geplaas. Dit is baie belangrik dat alle leerders van alle grade die take stiptelik moet voltooi. Die akademiese program, veral vir die matrieks, is tans onder **geweldige** druk.

Op Donderdag, 26 Augustus en Vrydag, 27 Augustus, word `n aangepaste skoolrooster, wat vroegtydig met die leerders op verskillende whatsappgroepe gekommunikeer word, vir graad 11 en graad 12 gevolg.

Let asseblief daarop dat die graad 12 Musiek Praktiese NSS-eksamen steeds op Woensdag, Donderdag en Vrydag (25 tot 27 Augustus) geskied. Die betrokkenes is reeds deur mnr. Strydom hieroor ingelig.

Op **27 Augustus vanaf 14.30 tot 16.30** word verpligte ekstra klasse vir graad 12 Fisiese Wetenskappe aangebied om die werk af te handel. Dit is van uiterste belang dat elke graad 12-leerder wat Fisiese Wetenskappe neem, die klasse bywoon.

Ekstra lesse:

In `n poging om graad 12-leerders verder te ondersteun in die voorbereiding vir die rekordeksamen, word die volgende ekstra klasse aangebied:

* **Fisiese Wetenskappe**: Woensdag, 8 September (Fisika) 14:30-16:30
  Saterdag, 11 September (Chemie) 09.00-11.00
  Voltooi die Google-vorm om bywoning te bevestig.
* **Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid:** Donderdag, 16 September (15:00-17.00)
* **Wiskunde:** Saterdag, 18 September (10:00-12:00)

* **Rekeningkunde:** Maandag, 6 September (14:30-16:00)

Woensdag, 22 September (14:30-16:00)

* **Afrikaans HT en EAT:** Woensdag, 1 September (14:30-16:30)

Weens die onderbreking van die akademiese program, is die assesseringsrooster gewysig. Raadpleeg asseblief die veranderde toetsrooster op die skool se webtuiste (KLIEK HIER).

Ons hoop en vertrou dat alle ouers en leerders begrip vir die erns van die tydsbeperking sal toon en saam sal werk om `n sukses van die akademiese program te maak in hierdie uitdagende tyd.

Kyk asseblief mooi na u gesondheid en ons wens elkeen hiermee `n gesonde en veilige tyd toe.

André van Staden

REKTOR

24 Augustus 2021